Welkom in die Saksers 1 van 2 Gids boeke vir die uitverkore

Voorwoord

Graag wil ek jou bedank vir die belangstelling in die toekomstige Koninkryk van die Gesalfde. Die boek is in traktate op verdeel en saamgestel vir openbaringe vir Sy volk en in die boek lê van die verborgenhede wat Sy volk toekom. Lees en bestudeer die boek met oorgawe om vrug te kan dra, 'sonder om kritiek of afbrekend te wees teenoor die boek'. Die boek is van so aard dat jy kan byvoeg as die Rein Gees van VADER jou daartoe lei. Jy het moontlik ook oor die jare baie vrug bymekaar gemaak, maar weet nie hoe jy dit aan 'n ander broer of suster kan oordra nie; en dit is waar die traktate jou baie gaan help.

Moet asseblief nie die boek veroordeel deur te sê dat dit al weer 'n nuwe geloof of religie is nie. Die boek staan 100% onder die gehoorsaamheid aan YAHUSHUA. Soos ons weet het baie verskillende gelowe hulle ontstaan gekry deur twis en tweedrag *(Ek praat nou eintlik van tweedrag wat uit Paulus se briewe ontstaan het)* en met twis en tweedrag kan daar nie aan die koninkryk gebou word nie.

Ons moet 'n keuse maak, wie oor ons moet heers, daarom die boek as hulpmiddel om ons Heerser uit te ken. 1 Kon. 11:31 ; 12:16.

Hierdie boek is saamgestel met die oog op die koms van die Gesalfde en om ons as volk te motiveer en te leer. Dit is nie net 'n boekie om te lees en dan te bêre nie, maar wel 'n boek om mee te werk en terug te gaan en naslaanwerk te doen of net om te leer. *Matt.24: 14. sê: En hierdie evangelie van die Koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.*

Die verkondiging van die "Koninkryk evangelie" en van YAHUSHUA moet eers plaasvind; en dit moet geskiet oor die hele wêreld *(tussen al twaalf stamme).* YAHUSHUA se heerskappy moet deur Sy volk gepleit word by VADER om vir Hom as Heerser na ons te stuur. Voorbereiding moet ons doen sodat die hele wêreld Sy Lofwaardigheid op die wolke kan aanskou as Hy kom om te kom heers in Sy koninkryk.

Hierdie is die eerste druk van die boek en mag dit veel vrug dra! Lees dit, geniet dit en vrees onse Koning wat die taak aan ons gelaat het.

Welkom by die werkverrigting aan die Koninkryk!

Die goeie keuse wat jy gemaak het gee vir jou nou die geleentheid om in te skakel by die heerskappy se aktiewe weë. Hierdie traktaat gids is slegs saamgestel om jou werk te vergemaklik saam met die goedgunstigheid van VADER. Werk daarmee en voeg by soos die Rein Gees van VADER jou lei. Met die intrede van die werkverrigting in die heerskappy sal jy hulp nodig hê en die boek is daar vir jou bystand om 'n riglyn daar te stel sodat jy altyd daarna kan teruggaan vir informasie. Jy sal sien die boekie is verdeel in eenvoudige samevattings of traktate oor spesifieke onderwerpe.

Hier is die eerste traktate se name en blad verwysing nommer waarvan die tweede Saksers boek die res in het tot en met 604:

no:	naam
26	Naam bo alle name
33	VADER en Seun
41	Ek is die Seun van VADER
48	Kwelvrae oor VADER en Seun
55	Kwel Vrae en Antwoorde
60	Skrif Studie Stuk (Dié Vader en S..
69	Ken jy die teken
80	Wil julle saad hê
86	Verootmoedigings gebed
90	Uit Een Bloed en Dissipelskap
93	Bloed skenk
96	Blou glans van die mens
99	Ek en my huisgesin
103	Seën
106	Sewe geeste en die gevolge.
112	Uitverkiesing
122	Wie en hoe aanbid ek
134	Wat staan my te doen oor die dood
137	Tiende
144	Waar kom die Boerevolk vandaan
152	Adam die wit mens
156	Adam en sy seuns
168	Voor en na Adam
174	Vrae
178	Vrae oor die Jode
185	Wie is die Jood werklik
193	Ontstaan van die kerk
199	Afrikaanse Protestantse kerk....
212	Ou Apostels
217	Bedankingsbrief
223	Feeste en wat ons doen
232	Pasga
244	Paasfees of Valsntyns dag
250	Bloed Verbond
256	Doop en die Verbond
262	Doop
269	Lossings Wet
274	Verbond en sy teken (Besnyding)

In die gids boek gebruik ek slegs die "Regte" name

Die regte		Die verkeerde
	Teenoor	
VADER bly VADER		
YHWH ; YAHWEH...Ek is.....		
YHWH..Ewig Lewegewende EEN		HERE, Here(Baal = verwarring.)
YHWH..Ewig Lewende Een.....		
YAHUSHUA..ons Losser.....		Jesus (Griekse godin van genesing
YAHUSHUA..Ek is, jou Losser		en of seun van Zeus)
Skepper, VADER en SEUN.....		God(minderwaardig, 'n ander god)
Die Rein Gees van VADER.....		Heilige Gees ('n volgende persoon)
(Ruach ha Kodesh).....		Heilig (gees van die Son)
Amein (laat dit so wees).....		Amen(Amen - Ra = Songod en of Songod Zeus)

YHWH / YAHUSHUA die Gesalfde is die Seun van VADER. Joh.5:43

Om te werk en om reg te begin, in die Koninkryk

Die basiese beginsel van 'n werker is die informasie van die een wat jou genader het wat die spreekbuis is van ons VADER. Beide van julle is daar vir die opbou van die liggaam van YAHUSHUA as Koning van Sy Koninkryk.

Teken 'n plan (A)



Dissipel = Student van YAHUSHUA of 'n Leerling van Hom.
Werker = Dissipel wat die weg ken en dit (opdrag) graag doen.

Orde in die Heerskappy

Elkeen wat uitbeweeg onder die Orde, kom in straf vanaf die boonste



Potensiële dissipels vir YAHUSHUA ons Meester.

Maak ‘n naamlys van Mense wat jy ken; potensiële dissipels !

Naam en van _____ _____

Telefoon en selfoon No: _____ _____

Van jou skool of universiteit dae
Van vorige werke
Op die sportveld
Van jou vorige kerk
Siviele aktiwiteite
Huidige bure
Waar jy kos koop
TV, Motor
Posbode
Jou haarkapper
Die winkel bestuurder
Jou droogskoonmakers
Naskoolse opvoeding vir jou kind
Bestuurskool
Nuwe bure

Van die werk
Met stokperdjies of iets soort
Vorige bure
Wie nog
Vriende
Deur jou kinders
Wie het aan jou ‘n mat verkoop
Jou tandarts
Jou haarkapster
Hotel bestuur en personeel
By die sport klub
Skool onderwysers
Familie
Bank bestuurder en personeel
Bloemiste

Bediening teiken areas

Waar plaas jy die potensiële dissipels?

1) Godsdiens stelsel (2) Afgode diens (3) Nuwe era denke
4) Christen "dom"(5) Geboorte van Bo? (6) Israeliete (7) Koninkryk burger en dissipel van YAHUSHUA Die Gesalfde

Hoe benader jy hulle.

Maak afsprake.

Laat die Rein Gees van VADER jou lei om afsprake te maak. In die begin moet jy nie alleen na 'n afspraak toe gaan nie. Laat iemand wat lank in die bediening is met jou saamgaan. Vra dat VADER jou die gawe sal skenk om te luister en te leer by die afsprake. Afsprake moet gaan oor YAHUSHUA en oor die Koninkryk van VADER.

Wys 'n plan

Met die aanbiedinge van 'n plan probeer om stilte te kry sodat alle aandag daaraan gewy kan word. Vermy die TV, honde en katte, hulle is die aandag aftrekkers. Terwyl jy besig is hou die mens dop en ondersoek hulle belangstelling. Vra wat hulle doele is en waarna hulle streef. Onthou die mens stel net in dit belang wat gaan werk. Moet nooit die mens druk om na jou te luister nie, maak eerder weer 'n afspraak wanneer dit hom of haar pas.

Opvolg van potensiële dissipels

Dis baie belangrik as jy by iemand was, om die persoon so gou moontlik weer te gaan sien. VADER se Gees sal die saak vir jou lei en voorsien.

Interaksie.
Met alle besoeke of afsprake verwag baie vrae, en daarom as nuweling, vat iemand saam met jou om jou te ondersteun.*(Hanteer die vrae subtiel om verwarring te vermy).* Moet nooit teveel antwoorde gee nie, want dit skrik mense af.

100% Dissipelskap

Ek wil sê; deel alles wat jy weet, maar wees versigtig om nie teveel met die eerste of tweede afspraak te deel nie, want verwarring kan intree omdat dit dalk baie vreemd mag klink vir hulle. Luister na hulle behoeftes, sodat die Rein Gees van VADER hulle kan opbou in een liggaam met jou as werker. Onthou as jy 'n werker is, sal jy die Koninkryk moet ken sodat jy nuwelinge kan help en die pad wys. Vat jou Skrifte en ondersoek die Skrifte en ken jou geskiedenis, so ook die toekoms. (Lev.18:5 Insettinge en Verordeninge).

Gee jouself 100% aan die werk wat verrig moet word.

Nou gaan die leerproses begin.

(a.) Leer hulle wie is die VADER en wie is die Seun.
(Leer om Hulle te onderskei).
(b) Leer hulle die Name sodat hulle dit kan identifiseer in die Skrifte.
(Ou testament en die Nuwe testament).
(c) Leer hulle hoe om VADER te behaag en lief te kan hê.
(wat is liefde, hoe doen mens liefde en waar kry 'n mens dit).
(d) Leer hulle oor die verbonde *(Wette en die Verordinering).*
(e) Leer hulle oor die wederkoms *(Die huwelik wat was en die huwelik wat vir ons voorlê. Die nuwe Verbond).*
(f) Leer hulle die opdragte wat gegee word.
(Evangelie van die Koning en Sy koninkryk, Dissipelskap, ens.).
(g) Leer hulle oor die Rein Gees van VADER.
(wat en wie binne in jou is, en die Waarheid is).
(h) Leer die Sabbat en die Sabbatte *(Vrydag 12 uur tot Saterdag 12 uur aand).*
(i) Leer die Feestye *(kry 'n Israel kalender of bestel hom by my).*

Die Rein Gees van VADER is in Adam ingeblaas, daarvandaan is die Gees van die man deur die vrou na sy seuns en hulle weer deur hulle vroue na hulle seuns. Daarom is YHWH so streng met verbastering en hoereerders. Soos die man wat die ontvanger en draer is van VADER se Rein Gees is die vrou die deur tot Sy nageslag Joh. 18:37; Heb 10:26; 1 Joh. 3:18-24; 5:6;2 Joh. 1:2

Watter beloning kry ek as Dissipel?

1) Ewige lewe 1 Joh.2:25
2) Om deel te wees van YAHUSHUA en Sy heerskappy 1 Pet.1:13
3) Eenheid met jou broers Joh.11:52
4) Jy is 'n wenner *(Almal in YHWH is)* Joh.5:21
5) Die Rein Gees van VADER altyd in jou 2 Tim.1:14
Gee die besluite en heerskappy oor aan die Rein Gees van VADER om vir jou 'n toekoms daar te stel. Met enige aardse werke staan jy altyd 'n kans om dit te verloor, maar nie die werke in die Koninkryk nie.
Volgens Daniël.7:43, 44
6) Burgerskap, Betrokkenheid en Dankbaarheid
7) Interpersoonlike verhouding. Luk.17:21
8) Alles verniet *(tog jou alles as persoon)* Open.22:17
9) Persoonlikheid, Kalmte, Rustigheid en vriendelikheid. 1 Pet.3:8

Om in te trek in die Koninkryk is om uit Babilon te trek. Open.18:4 en 'n Koninkryk kind te word Joh.14:2 Om daarin te bly woon en te leef (heers)

Matt.22:37 Leef met YHWH / YAHUSHUA die Gesalfde, want Hy was jou goedgunstig om jou weer ‘n kans te gee in jou lewe en Hy sal jou gee wat jou toekom en wat aan jou belowe is. Ons moet wag vir die guns van VADER wat Sy Gees gaan uitstort.

‘n Paar stappe na trotse reg.

Bring die Tabernakel terug in die huis *(lankal mislei die kerke ons volk).*
Bid onophoudelik *(Smeek om vergifnis sodat die volk se oë sal oop gaan).*
Kom tot die besef dat die land deur YHWH aan ons en ons nageslag gegee is.
Gee jou “tiende” aan VADER en jou offers aan jou naaste *(Die een wat lyk soos jy, biologies)* met die boodskap “ Dit kom van YHWH ”
Bly weg van politiek af *(Dit verdeel die volk).*
Eer die Sabbat *(vanaf 12 uur Vrydag tot 12 uur Saterdag)* en ken die Wette en Verbonde *(Moenie inkopies doen of sport op die rus en Gesinsdag nie).*
Bly weg van geld sport *(Dit het ons land gekos).*
Bly weg van die TV; verkeerde films ; koerante *(mondstuk van die vyand).*
Kry en koop ou vertaalde Skrifte 1933 /53 *(Deel dit uit tussen jou mense).*
Onthou jou geskiedenis *(Leer en onderrig jou kinders daaroor).*
Kry dadelik orde in eie geledere *(Gesin, familie en vriende).*
Besef die ballingskap waarin ons is *(Dis die smelt en suiwering proses voor die groot dag).* Pas jou kinders op en so ook jou familie.
YHWH het welbehae in die Voortrekkers en die vroue en kinders in die konsentrasie kampe gehad, daarom sal onse Hemelse VADER ons en ons land beskerm as ons die stappe hierbo doen.

10 Stappe na sukses.

1) Gee jouself doelwitte in die lewe *(Kort en langtermyn).*
2) Skryf al jou doele neer op papier en plaas dit duidelik op ‘n strategiese plek neer *(teen jou yskas).*
3) Hou dit eenvoudig en met die skrywe begin elke doel met: “Om” *(Bv. Om vir broer X te gaan sien. Om na die skool toe te gaan).*
4) Elke doel moet ‘n datum van begin of alternatief hê *(Dag, Maand en Jaar)*
5) Skryf al die struikelblokke en oponthoude neer wat jou keer om jou doel te bereik.
6) Skryf nou ook die aksieplan vir die oplossing of oorkoming van die struikelblok neer.
7) Gee die aksieplan nou ook ‘n datum.
8) Oorsig en opgradering van die doel lys is belangrik.
9) Motiveer jouself om te bly werk met die leuse: “*Dit kan nie gestop word nie*”
10) Prys VADER met elke doel waarmee geslaag word in YAHUSHUA.

Beplanning en vereistes is “nou” vir die toekoms

1) Wys hulle die plan om suksesvol te wees in jou eie omgewing.
2) Hoe groot die sukses alreeds is.
3) Omgewing verslag.
4) Inter skakeling met ander werkgroepe om jou en landswyd.
5) Sukses lê in YAHUSHUA en die vermoë van die gawes wat Hy vir die Gees van VADER aan jou skenk.
6) Kry en maak ‘n naam en adreslys van gevestigde Israelitiese broers. Stuur dit vir mekaar sodat daar interaksie kan wees.

7.3 Biljoen mense op aarde



Die verkondiging

1) Om te kan verkondig moet jy eers geskoold en toegerus wees daarvoor. Die
Rein Gees van VADER wat in jou teenwoordig is sal die gawe wat Hy sal skenk in die tempel (*jou liggaam*) gebruik. Vra VADER dat Hy jou innerlik, ontvanklik en oop sal hou vir die gawes van Hom om die werk te doen.
2) Moet nooit oorheersend wees nie en moet nooit iemand veroordeel nie.
3) Mense luister maklik na ‘n gemaklike en selfversekerde persoon as ‘n oorheersende of onversekerde.
4) Smeek VADER vir: Onderdanigheid, Werksaamheid, Leersaamheid en Bereidwilligheid dat die begeerte in jou altyd sal brand om die uitbreiding van die Koninkryk Evangelie te verwesenlik (Orde en dissipline begin in jouself, dan vêrder).
5) Met besoeke, probeer om jou vrou (vriend of vriendin) saam te neem.

Voorbereidings gesprek. Verwag dat die besoek belangstelling gaan prikkel en spandeer tyd op daardie potensiële belangstellendes.
Met besoeke is dit baie belangrik dat daar blootstelling moet wees oor die (*waarhede*) mooie en ook die skone, maar ook van die lelike en gevare (*wys hulle foto’s of ‘n DVD*).
Praat eerstens oor die kern (*YAHUSHUA*) en dan hoe om by Hom uit te kom. Praat oor die evangelie van die koninkryk en hoe om dit te verkry.
Praat met almal in die vergadering en maak hulle betrokke by die gesprek.

"Onthou as jy 'n gedagte geuiter het, kan jy dit eerstens nie meer terug hou nie, en tweedens kom dit nie dieselfde terug na jou toe nie"
Wees lankmoedig wanneer vergader, want party mense sal bereidwillig wees en andere nie bereidwillig.

Hoe om vir dissipelskap te kwalifiseer:

Om 'n Toegewyde student van YAHUSHUA te wees is :
a) Om geopende oë te hê oor hoe om die seëninge te geniet en die toepassing daarvan deur die Lewende Woord van VADER (wat YAHUSHUA is).
b) Om die oorvloed en rykdom van ware lewe in YAHUSHUA te geniet en deur Hom geopenbaar te word aan andere.
c) Om Sy lewenswandel gedissiplineerd en ordelik te gehoorsaam soos die Gesalfde YAHUSHUA self die voorbeeld was.
d) Om die nuwe mens wat die geboorte van Bo ontvang het, VADER in liefde te dien en die lering van YAHUSHUA die Gesalfde te ontvang, liefhê en gehoorsaam te wees; sodat daardie geboorte saadjie kan groei!
e) Om 'n spieëlbeeld van YAHUSHUA te wil wees.
f) Om YAHUSHUA aan te kleef.
g) Om Lankmoedig te wees (Geduld is die vrug van die gees).
h) Om Dissipel (student) te wees=gehoorsaamheid aan gesag, orde en gedrag.

Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies

In 2 Kon.17:18 – 23 sal ons sien dat die 10 stamme weggeskeur was en tussen die heidense volke gewoon het, en later het die 2 oorblywende stamme gevolg. In Jak.1:1 word bevestig dat die oorblywende 2 stamme ook verstrooi geraak het tussen die heidene.
Nou kan jy vra; Hoe identifiseer jy die volk tussen die ander volke wat dissipels moet word? In Ex.31:12 – 18 word die volk gewaarsku oor hulle identiteit en die onderhouding daarvan (Wet en Verordeninge). Oor al die eeue het YHWH se Woord bewaar gebly en is verkondig en dis net tussen Sy uitverkorenes gedoen. In Eseg.2:3 staan: *Mensekind, Ek stuur jou na die kinders van Israel,*(Eseg.30:2,3; 33:7,9) *gaan en waarsku hulle.* Hy sê vir hulle in Eseg.37:21 – 25 dat hulle tussen die ander nasies bly en verdeel is, maar nog steeds Sy volk is en Hy hulle Elohim is. Vers 25 is baie belangrik: *En hulle sal woon in die land wat Ek aan my kneg Jakob gegee het, waar julle vaders in gewoon het; ja, hulle sal daarin woon, hulle kinders en hulle kindskinders tot in ewigheid; en my kneg Dawid sal hulle vors wees vir ewig.*

In Gen.49 het Jakob (Israel) al sy seuns na hom geroep voor sy sterwe en aan elkeen genoem wat julle aan die einde van die dae sal wedervaar. Die belofte aan Jakob in Gen.24:14 was dat hy sou uitbrei na wes, oos, noord en suid en dat die aarde geseënd deur hulle sou wees. Die geskiedenis van die wêreld heersers ken ons in Dan.8 waarvan die Romeine (Rooms-Katolieke) die wêreld eers verwar het, maar tog het YHWH se belofte aan Jakob se nageslagte, soos voorspel in Dan.9:24 – 27 (in die 1800's),waar geword.

Nou sien ons dat die twaalf stamme in verstrooiing is oor die hele wêreld en dat die opdrag onder hulle moet geskiet. Ons sien nou dat die volk regoor die aarde is en die opdrag is dat hulle dissipels moet word (net die wat waardig is). Mat.1: 21- *en sy sal 'n seun baar, en jy moet hom YAHUSHUA noem, want dit is Hy wat Sy volk van hulle Wetteloosheid sal los. 7:6 Moenie wat Rein is, aan die honde gee nie; en gooi julle pêrels nie voor die varke nie, sodat hulle nie miskien met hulle pote vertrap en omdraai en julle verskeur nie.* 10:5-7, 23 YAHUSHUA het die twaalf uitgestuur en hulle bevel gegee en gesê: *Moenie gaan op die pad na die heidene nie, en moenie ingaan in 'n stad van die Samaritane nie; 6 maar gaan liewer na die verlore skape van die huis van Israel. 7 En gaan spreek en sê: Die Koninkryk het naby gekom.* Mat. 15: 24-27 Maar Hy antwoord en sê: *Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel.* 26..... en sê: *Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie,* (2 Kon 17:26 – 28) *maar dit gee hulle nie nou ewe skielik kindskap nie?*. Mat. 28: 19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies,..... Let op na die nasies (twaalf stamme) en nie na alle nasies nie. Luk. 1:33, 68, 77 en *Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid*, en aan sy koninkryk... geen einde 68 Geloof sy YHWH die Vader van Israel, omdat Hy sy volk besoek het en vir hulle lossing teweeggebring het, 77 om kennis van saligheid aan Sy volk te gee..... Luk. 10:30 – 37 '*n priester, 'n Leviet en 'n Samaritaan; Wie dan van hierdie drie, dink jy, was die naaste van hom wat onder die rowers geval het? (*dit was 'n Samaritaan, want die Samaritaan het gelyk soos hy). Joh. 7:35 *En die Jode sê onder mekaar: Waar wil Hy heengaan, dat ons Hom nie sal vind nie? Hy wil tog nie na die verstrooides onder die Grieke* (tien stamme ryk) *gaan en Grieke leer nie?!*
Joh. 17:6,9,14,24 *Ek het U naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het U woord bewaar.* 9 *Ek bid vir hulle; Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir die wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort. 14 Ek het hulle U woord gegee, en die wêreld het hulle gehaat, omdat hulle nie van die wêreld is nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie. 24 VADER, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het,..* Hand. 11:1,18 *En die apostels en die broeders wat in Judea was, het gehoor dat die heidene* (tien stamme ryk) ook die woord van YHWH aangeneem het.

(Matt.10:6) Toe YAHUSHUA na die aarde gekom het was die tien stamme alreeds in verstrooiing en weg van die grondgebied wat hulle eers op gewoon het. Die belofte wat aan Juda en Dawid gemaak was het waar geword, want die Gesalfde is uit die Juda stam gebore. So weet ons nou dat daar net die twee stamme gewees het: Juda en Benjamin. Skrif navorsers sê dat die Apostels almal Benjamin se nageslag was(buiten Judas die verraaier). Gaan gerus u Skrif na en sien dat "'n losser" slegs 'n nabestaande moet wees. 'n Broer of oom in sy bloedlyn / familie. (Lev.25:25) M.a.w. YAHUSHUA kon slegs gekom het vir die wat in daardie bloedlyn was waarvan die belofte aan gegee was; Abraham, Isak en Jakob. YHWH het as Losser, 'n bloedverwant, "n Broer" van ons geword, om ons los te kan koop, sodat jy as kind (bloedverwant) aangeneem kan word. Nie as gevolg van Wet onderhouding nie, maar as biologiese kinders van YHWH. (Mal.2:15)YHWH wat YAHUSHUA word, erken ons as broer! (Joh.20:17) In Joh. 17:3. staan: *En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige VADER en YAHUSHUA die Gesalfde wat U gestuur het.*

Jes.14:1- 3 *Want YHWH sal Hom oor Jakob ontferm, en Hy sal Israel nog verkies en hulle in hul land laat vestig; en die vreemdeling* (Gen.9:27 Jafet is die vreemdeling, nie ander volke nie) *sal hom by hulle voeg, en hulle sal hul aansluit by die huis van Jakob. 2 En die volke sal hulle neem en op hul woonplek bring; en die huis (al twaalf) van Israel sal hulle in die land van YHWH as besitting verwerwe, as slawe en slavinne; en hulle sal die gevange hou wat hulle as gevangenes weggevoer het, en oor hulle drywers heers. 3 En op die dag as YHWH jou rus gee van jou smart en van jou onrus en van die harde diensbaarheid waarmee hulle jou laat dien het, 27:6 In die dae wat kom, sal Jakob wortel skiet, Israel sal bloei en uitbot, sodat hulle die wêreld vol vrugte sal maak.*(1800 's) Eseg.39:25 – 28 ; Amos.9:9

VADER stuur Sy Seun na ons, en Hy gee die opdrag

"Gaan maak vir MY dissipels"

Plan (B)



In 'n siklus van agt maal tien gee dit vir jou 100 miljoen dissipels sonder hulle gesinne; met die gesinne van 'n gemiddeld van vier sal dit so + - 400 miljoen mense wees. As daar net 1% inskakel en 99% gaan verlore gee dit 4 miljoen of 0.21% gee dit 84 duisend. 7000 uit elke stam = 84 000 Israeliete of 21 000 huisgesinne. Jes.10:19; Mat.20:16.1 Kon 19:18.

Alles wat julle hier bo sien kan gebeur binne een jaar. As dit van VADER kom sal dit nie gestop kan word nie. Jer.45:4

Dupliseer.

Om die uitbreiding te bou het jy baie stene nodig en daarom het jy hulp van VADER nodig. Kry, Maak en Koop met die Gees van VADER DVD's en Skrifte. Deel dit uit aan andere, want dit is 'n gereedskap wat duplikasie gee *(Verniet het jy dit ontvang, verniet moet jy die uitdeel).*
Deur die Skrifte en geestelike (*opbouende*) lees materiaal, so ook audio en video kassette sal die Gees van VADER jou baie help. Met jou tweede of derde besoek aan mense is daar reeds 'n saadjie geplant en jy kom basies net om nat te maak en versorging te doen (*arbeid*).

Die gereedskap is die fisiese om die taak te verrig, sodat daar ‘n eindresultaat kan wees. Dit wat versprei word deur kassette en DVD’s is nie sigbaar of fisies tasbaar nie, maar gaan by die oor in en gaan lê op die hart. Belê in geestelike voedsel om die doel te bereik wat nagestreef moet word. Die Skrifte (ou vertaling 1933) sal ons baie help om die uitbreiding te laat groei. Deur die Skrifte gerugsteun deur “audio” en video kassette kan die Woord wel daar en daarna wees, maar deur direkte kontak laat jou die traan in die oog of die woede in die hart sien. Moet tog nooit die belangrikste deur dupliserings agterweë laat nie en dit is die evangelie van die Koning en VADER se Koninkryk. VADER sal laat gebeur wat moet gebeur, want Hy rus nooit.

Waarskuwing oor duplisering

Pasop vir hulle: Spr.15:4; 30:8; Deut.5:20; Miga.2:6; Matt.7:15; 24:24; 2Pet.2:1 en nog talle meer. In die Woord word ons gewaarsku so + - 91 keer oor “valsheid”. Toets alles aan die Woord of dit van YHWH af kom. 1 Joh.4: 1 *Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit VADER is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan.*

Plan (C) Koninkryk bouplan



Die groepe het nie met mekaar te doen nie, maar net met Koning YHWH.

<u>Duplisering</u> Siklus van agt keer



As ‘n werker 2 dissipels ‘n maand kry sal hy binne vyf maande 10 dissipels hê, m.a.w. Net buite drie jaar sal daar ‘n 100 miljoen dissipels wees sonder hulle gesinne. As ons ‘n gemiddeld van vier per gesin vat sal die siele + - 400 miljoen wees. As daar 99% afvalliges is en net 1% bly oor, gee dit nog steeds 4 miljoen dissipels vir YHWH se Koninkryk *(Amper soveel Israeliete wat in die beloofde land in getrek het met Josua).*

Leer by die bye;

Bye is hardwerkend en lojaal teenoor hulle koningin. ‘n By is so lojaal dat die dood nie in sy pad staan teen aanvalle of werkverrigting nie. Bye is van die hardwerkendste insekte wat daar is. Daar is altyd genoeg heuning vir die hoeveelheid werk wat ingesit word. Ongelukkig vir die bye het hulle bo en behalwe die mens sy natuurlike vyande. Hulle kom in die korf in (Esau geslag) en maak hulle tuis as mede bye.(Matt.17:15) Hulle word genoem wasmot of by motte. Wasmotte gaan lê hulle eiertjies tussen die koningin se eiertjies. As hulle larwes uitkom saai hulle verwoesting in die nes en vreet wat voorkom. Met die besef wat te laat is in die korf, kom daar wel van party neste ‘n koningin met ‘n klompie werkers weg deur om te vlug en elders te begin.

<u>Les;</u> lojale en hardwerkende Israeliete daarbuite kan besmet word met die wasmot (duiwel) en het nodig om daaruit te kom. Die wat dit besef kom dadelik daar uit in rou voor VADER sodat Hy jou weer ‘n kans kan gee om weer te begin as ‘n nuwe mens. Die groeiproses sal verwesenlik met die ondersteuning van YHWH in jou lewe.

‘n Samekoms of vergadering.

1. Almal moet teenwoordig wees.
2. Wees sosiaal en warm vir nuwelinge en verwelkom hulle.
3. Leier bid en seën die vergadering.
4. Mense wat behoeftes het sal net na die Skrifte lees en sang uitgenooi word, sodat daar ope tyd aan hulle gewy kan word vir gebed en handoplegging.
5. Indien daar doop is, noem dit aan almal en nooi hulle uit na die doop wat na die vergadering sal plaasvind (daar sal eers met die een wat gedoop word, vooraf gepraat moet word).
6. Hulle kan nou ‘n paar liedere sing en ook tydens die vergadering.
7. Gee tyd vir getuienis (baie belangrike boumateriaal vir die Koninkryk).
8. Lees Exodus 20. Die Wet van YHWH en gaan oor na voorbereidings.
9. Leier lei die vergadering in met die Woord waaroor die samekoms gaan.
10. Evangeliseer die Koninkryk en konsentreer op YAHUSHUA met besprekinge.
11. Na die leier kry elkeen nou die geleentheid om ‘n gedeelte te lees en almal kan saam gesels oor die gedeeltes wat gelees word sodat maksimum daaruit geput kan word.
12. Gedurende die verrigtinge moet die leier ‘n waarnemende oog deur die groep laat gaan; vir ongemaklikheid, geïrriteerde persone en of dalk behoeftiges.
13. Pasop vir teenvrae wat nie opbouend is nie. Stel dit prominent aan die vergadering dat die vrae net na die vergadering privaat kan plaasvind, want die vergadering gaan slegs oor die opbouing van YAHUSHUA en Sy toekomstige heerskappy
14. As die gevoel daar is kan daar na die Skrif lees nou sagte musiek in die agtergrond gespeel word vir atmosfeer.
15. Stel dit duidelik dat die mense wat na die Skrif lees, gebed en besprekinge vry is om te vertrek.
16. Die leiding van ‘n vergadering moet van persoon tot persoon skuif met elke byeenkoms, bv. hulle bring hulle eie musiekblaaie, begin die vergadering met Skriflesing en lê hulle onderwerp neer vir die Koninkryk (sorg dat alle musiek gepas is en dat daar slegs uit die ou vertaling gelees sal word, 1933).
17. Die leiding van die dag is funksioneel en nie ‘n titel nie, daarom moet dit wissel en nie by een persoon rus nie.
18. Probeer altyd om die byeenkoms binne een en ‘n half uur klaar te maak sodat as daar ander aktiwiteite is, dit gedoen kan word (Drankies en of etes).

Bid tot VADER om deur Sy Gees, wat in julle woon, te seën met Sy gawes.

Die bou van die Koninkryk.

Ons geskiedenis begin in Gen. en loop deur tot Open. Leer dit en ken dit sodat daar altyd ‘n fondasie kan wees. Ken en leer YAHUSHUA die Gesalfde se voetspore en luister vir die Gees van VADER wat binne in jou is. Boumateriaal is belangrik om die gebou van YAHUSHUA op te rig.

As werker binne die Heerskappy van YAHUSHUA , word daar met lewende stene gebou. Die leiding en inspirasie van die Gees van VADER sal die stene oplewer. ‘n Vervulde mens wek wilskrag; momentum; dryfkrag; inisiatief en spontaneïteit op. Regte bougereedskap is baie belangrik, kry dit, daarsonder is dit ‘n moeilike taak. Bid vir orde, want dit is baie belangrik.
Maak ‘n lys van mense en nooi hulle uit na jou of gaan besoek hulle.
Notuleer die wat jou weggewys het en die wat jou ontvang het. Deel alles wat jy weet en luister na hulle, sodat julle mekaar kan opbou in eenheid.
Onthou as werker sal jy die Koninkryk moet ken sodat jy nuwelinge kan help en die pad wys. Vat jou Skrif en ondersoek die Skrifte en ken jou geskiedenis so ook die toekoms.
Gee jouself 100% vir die werk wat verrig moet word, want YAHUSHUA het Homself 100% gegee vir ons.

‘N paar benodighede vir die toelating in die Koninkryk.

1.) Erken dat YHWH/YAHUSHUA die Gesalfde is, dat Hy die Seun van VADER is en dat Hy vir ons Wetsoortredinge aan die folterpaal gesterf het.
2.) Erken die twee gebooie: Jy moet VADER liefhê met jou hele hart, siel, verstand en al jou krag en die tweede is om jou naaste lief te hê, want hy is soos jouself.
3.) Om berou te kan hê (Inkering, besef Wetsoortredinge en bely dit=hart besnyding).
4.) Om ontvanklik te wees (al die geestelike toerusting te aanvaar).
5.) Om aanvaarding te kan hê (dissipelskap).
6.) Om dit toe te laat wat moet gebeur (laat die Gees van VADER wat binne in jou is uit sluimering kom en diensbaar word).
7.) Vir ‘n begeerte om te werk vir YAHUSHUA (dissipel in aksie).
8.) Om toelating tot die leer wat saak maak (luister na YHWH).
9.) Om altyd te kan besef met wie jy te doen het!

In Dan.2:35, 43-45 sê dit dat die vermenging gaan kom, maar gaan fyn gebreek word en gestamp word deur ‘n rots dan die herstel.Dan.7:13’14.
(YAHUSHUA se koninkryk is op pad wat die rots is)

Mag die Gees van VADER jou verstand open sodat jy met jou hart kan verstaan en sodat daar ‘n regte besluit gemaak kan word om ons Koning en Sy Koninkryk te dien en te bedien.

Verwelkoming en inskakeling by die Koninkryk.

Daar is ‘n hele paar mooi groepe wat oor die hele land versprei is wat reeds in die Heerskappy van YAHUSHUA werk waaroor u my gerus kan skakel om by hulle in te skakel. Ek glo dat elke groep tans sit met pragtige Skriflesings of “Audio, Video, CD’s en DVD’s” wat tot opbouing sal wees.

Kom met hulle in kontak sodat die koninkryk van YAHUSHUA kan groei.

Ek sal u van hulp wees om by die groepe in te skakel. Ek het reeds landwye kontak nommers waarvan ek my dank wil gee aan die groepe wat dit aan my voorsien het. Ek vra ook as daar nog groepe is wat wil inskakel, hulle welkom is om my te skakel sodat hulle deel kan wees van die heerskappy.
Onthou asseblief die uitbreiding word slegs deur YAHUSHUA bestuur, daarom moet daar nie jaloesie en eie gretigheid na Sy eiendom wees nie, want ons staan onder Sy vaandel en Sy heerskappy!

Ek wil aan die groepleiers ‘n versoek rig om my te skakel vir vêrdere inligting.

My naam is Georg du Preez My kontak nommer is: 072 1876 076
e-pos: gjdupreez@vodamail.co.za

Hulp en inskakeling.

In ons land is daar ‘n paar Voorgangers wat reeds die Evangelie van die Koninkryk verkondig; so met inskakeling sal u of u groep se behoefte ook vervul kan word.

Ons bid in die gebed van YAHUSHUA : Gee ons vandag ons daaglikse brood vir more se behoefte ! Daarom is dit baie belangrik om na ‘n kasset of CD per dag te luister. Nie net ‘n vinnige gebed vroeg in die oggend en dan weer laat in die aand nie. Skep asseblief die behoefte vir die opbouing van die Koninkryk en die uitbreiding daarvan (wandel met YHWH elke oomblik van die dag sodat gesê kan word: “daardie broer wandel met Hom”).

Lees Matt.24. Die kern lê in vers 32 wat sê: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is (Die volk word wakker en besef dat hulle die uitverkore geslag is wat die beloftes aan toekom).

Mat 28:19; Hand 5:20; 2:22,38,40; Heb 6:2; Gen 28:1; Deut 15:11; Ps 119: 36

Thank You for previewing this eBook

You can read the full version of this eBook in different formats:

- HTML (Free /Available to everyone)
- PDF / TXT (Available to V.I.P. members. Free Standard members can access up to 5 PDF/TXT eBooks per month each month)
- Epub & Mobipocket (Exclusive to V.I.P. members)

To download this full book, simply select the format you desire below